7.4.2. Die ander hoofgronde waarop die Universiteit ingevolge PAIA of POPIA die reg het om 'n versoek om inligting te weier, is die verpligte beskerming van:

7.4.2.1. die privaatheid van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is, wat sou neerkom op die onredelike openbaarmaking van persoonlike inligting van daardie natuurlike persoon;

7.4.2.2. die kommersiële inligting van 'n derde party indien die rekord bedryfsgeheime, finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting bevat waarvan die openbaarmaking waarskynlik skadelik kan wees vir die finansiële of kommersiële belange van daardie derde party;

7.4.2.3. inligting wat vertroulik deur 'n derde party aan die Universiteit openbaar gemaak is indien die openbaarmaking 'n derde party sou kon benadeel in onderhandelinge of kommersiële mededinging;

7.4.2.4. vertroulike inligting van derde partye indien dit ingevolge enige ooreenkoms beskerm word;

7.4.2.5. die veiligheid van individue en die beskerming van eiendom en die bedryf van die Universiteit;

7.4.2.6. rekords wat in regsprosesse as geprivilegieerd beskou sou word;

7.4.2.7. die kommersiële aktiwiteite van die Universiteit, wat kan insluit bedryfsgeheime, finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting waarvan openbaarmaking waarskynlik skadelik sou wees vir die finansiële of kommersiële belange van die Universiteit;

7.4.2.8. inligting wat die Universiteit in onderhandelinge of kommersiële mededinging sou kon benadeel indien dit openbaar gemaak word;

7.4.2.9. rekenaarsageware wat deur die Universiteit besit word; en

7.4.2.10. die navorsingsinligting van die Universiteit of 'n derde party indien openbaarmaking die identiteit van die Universiteit, die navorser of die onderwerp van navorsing sou onthul



en tot ernstige nadeel van die navorsing sou strek.

7.5. Hoe lank moet 'n aanvrager wag voordat die aangevraagde inligting ontvang word?

7.5.1. Die Adjunk-inligtingsbeampte moet binne 30 (dertig) dae na ontvangs van die versoek 'n besluit daaroor neem, by gebreke waaraan die versoek as geweier geag sal word.

7.5.2. Die Adjunk-inligtingsbeampte mag onder die volgende omstandighede die besluitnemings tydperk tot 60 (sestig) dae verleng:

7.5.2.1. indien die versoek vir 'n groot aantal rekords is of 'n soektog deur 'n groot aantal rekords behels, en voldoening aan die oorspronklike tydperk op onredelike wyse sou inmeng met die aktiwiteite van die Universiteit;

7.5.2.2. indien die aangevraagde rekords nie geleë is in dieselfde dorp of stad as die Universiteitskantore nie, sodat die versoek nie redelikerwys binne 30 (dertig) dae afgehandel kan word nie;

7.5.2.3. waar konsultasie tussen die afdelings van die Universiteit of met 'n ander entiteit nodig of wenslik is om oor die versoek te besluit, welke konsultasie nie binne 30 (dertig) dae redelikerwys voltooi kan word nie;

7.5.2.4. waar verskeie omstandighede soos hierbo beoog bestaan ten opsigte van die versoek, wat voldoening aan die tydperk van 30 (dertig) dae nie redelikerwys moontlik maak nie;

7.5.2.5. indien die aanvrager skriftelik instem tot die verlenging, of

7.5.2.6. indien die tydperk van dertig (30) dae verleng word, sal die Adjunk-inligtingsbeampte die aanvrager in kennis stel van die verlenging en die redes vir die verlenging aan die aanvrager verstrek.

7.6. Hoe sal 'n aanvrager in kennis gestel word van die uitslag van die versoek?

Die aanvrager sal op die wyse wat in die aanvraagvorm bepaal word, in kennis gestel word van die Adjunk-inligtingsbeampte se besluit.

7.7. Wat word as 'n weiering van 'n versoek geag?

Indien die Adjunk-inligtingsbeampte nie binne die tydperk van 30 (dertig) dae of binne enige verlengde tydperk die besluit oor 'n versoek om toegang tot inligting aan die aanvrager oordra nie, sal dit as 'n weiering van die versoek geag word.

7.8. Wat kan 'n aanvrager doen indien die versoek om inligting geweier word?

7.8.1. Die aanvrager kan besluit om 'n interne appèl aan teken ingevolge die voorskrifte van PAIA soos in artikels 75 tot 77 bepaal, deur die Interne Appèlvorm wat as Bylae E aangeheg is, te gebruik. Die interne appèl sal deur die Hoofbedryfsbeampte van die Universiteit beslis word.

7.8.2. Indien die aanvrager nie tevrede is met die besluit van die Universiteit nie, kan die aanvrager by die hof aansoek doen om herstel nadat die grieweprosedure waarvoor hierdie Handleiding voorsiening maak, uitgeput is. Genoemde aansoek moet gebring word binne 180 (een honderd en tagtig) dae nadat die besluit deur die Adjunk-inligtingsbeampte geneem is. Na die aanhoor van sodanige aansoek kan die hof 'n regverdige en billike bevel toestaan, insluitende –



- 7.8.2.1. om die besluit wat die onderwerp van die aansoek is, te bevestig, te wysig of tersyde te stel;
- 7.8.2.2. om te vereis dat die Inligtingsbeampte op 'n spesifieke wyse handel of versuim om te handel, soos wat die hof dit nodig ag binne die tydperk wat in die bevel vermeld word;
- 7.8.2.3. om 'n interdik, tussentydse of spesifieke herstel, 'n verklarende bevel of skadevergoeding toe te staan; of
- 7.8.2.4. 'n kostebevel.

7.8.3. Sodanige aansoek kan by die hof met relevante jurisdiksie gebring word.

7.9. Wat gebeur indien die versoek suksesvol is?

- 7.9.1. Daar sal aan die aanvrager toegang verleen word tot 'n rekord indien alle proseduriële vereistes ingevolge PAIA-vereistes nagekom is, naamlik dat –
 - 7.9.1.1. die versoek behoorlik gedokumenteer is op die voorgeskrewe vorm;
 - 7.9.1.2. bewys van magtiging om namens 'n ander persoon op te tree verskaf word indien die versoek namens 'n ander persoon gerig word en die rekord wat aangevra word, op voldoende wyse beskryf is dat die Adjunk-inligtingsbeampte dit sal kan identifiseer; en
 - 7.9.1.3. alle vereiste gelde betaal is.

8. GELDE

- 8.1. PAIA bepaal 2 (twee) tipes gelde, naamlik aanvraaggelde en toegangsgelde, wat betaal moet word alvorens die Universiteit die versoek om inligting sal beoordeel.
- 8.2. Gelde om inligting aan te vra en/of toegang daartoe te verkry is soos uiteengesit ingevolge die Regulasies wat ingevolge PAIA gepubliseer is, en hierby ingesluit is onder **Bylae B**.
- 8.3. Gelde met betrekking tot toegang deur 'n datasubjek tot sy/haar eie persoonlike inligting wat deur die Universiteit gehou word, word hieronder in klousule 14.2 gedek.

9. DIENSTE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT WAT AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK BESKIKBAAR IS EN HOE OM TOEGANG TOT HIERDIE DIENSTE TE VERKRY [ARTIKEL 14 (1)(f)]

'n Omvattende lys van hierdie dienste is vervat in die algemene Prospektus van die Universiteit, die Voorgaande Prospektus, die Nagraadse Prospektus en jaarboeke van fakulteite, wat gratis by die onderskeie fakulteite beskikbaar is. Alternatiewelik word hierdie dienste uiteengesit op die webtuiste van die Universiteit by <http://www.ufs.ac.za>.

10. DEELNAME AAN BELEIDSFORMULERING EN BESLUITNEMING BY DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT [ARTIKEL 14 (1)(g)]

- 10.1. Studente en personeellede mag deelneem aan die formulering van beleid en die neem van besluite deur die Universiteit ingevolge die bepalings van die Wet op Hoër Onderwys, soos gewysig, asook ingevolge interne prosedures soos van tyd tot tyd met studente en personeel ooreengekom.



- 10.2. Ander belanghebbende partye mag kommentaar en voorstelle op skrif indien by die Inligtingsbeampste of Adjunk-inligtingsbeampste by die volgende adres:

Die Registrateur
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339, BLOEMFONTEIN, 9300

11. REGSMIDDELE WAT BESIKKBAAR IS TEN OPSIGTE VAN 'N HANDELING (OF VERSUIM OM TE HANDEL) INGEVOLGE DIE WET [ARTIKEL 14 (1)(h)]

- 11.1. 'n Student of lid van die publiek mag 'n skriftelike klag aanteken by die Inligtingsbeampste of Adjunk-inligtingsbeampste.
- 11.2. Personeellede mag gebruik maak van die griewe-prosedure van die Universiteit.
- 11.3. Indien die klag verband hou met 'n handeling of versuim om te handel ingevolge die Wet, kan die persoon wat die klag lê sodanige stappe doen as waarvoor in artikels 74 tot 82 van PAIA voorsiening gemaak word.
- 11.4. Die aanvrager of derde party waarna artikel 74 van PAIA verwys, kan 'n klag indien by die Inligtingsreguleerder nadat die aanvrager of die derde party die interne appèl-prosedure (kyk paragraaf 7.8) teen die Universiteit se besluit uitgeput het. Dit sal gedoen word deur die Klagte-vorm wat as Bylae F aangeheg is, te voltooi en in te dien.

12. ANDER INLIGTING SOOS INGEVOLGE DIE WET VOORGESKRYF [ARTIKEL 14 (1)(i)]

Daar is nie tans ingevolge artikel 92 enige ander inligting van die Universiteit beskikbaar wat hier gepubliseer kan word nie.

13. VERSLAGDOENING DEUR DIE UV

Tensy die wet anders bepaal, doen die Universiteit ingevolge artikel 32 van PAIA jaarliks verslag aan die Inligtingsreguleerder ooreenkomstig sy beheerverpligtinge.

14. POPIA-VEREISTES MET BETREKKING TOT DIE VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

14.1. Persoonlike Inligting

- 14.1.1. Persoonlike inligting verwys na inligting wat verband hou met 'n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon en inligting wat verband hou met 'n identifiseerbare, bestaande juridiese persoon.

14.2. Doel van Verwerking van Persoonlike Inligting

- 14.2.1. Ingevolge POPIA moet persoonlike inligting vir 'n gespesifiseerde doel verwerk word. Die doel waarvoor persoonlike inligting deur die Universiteit verwerk word, sal afhang van die aard van die persoonlike inligting en die spesifieke datasubjek. Hierdie doel word gewoonlik eksplisiet of implisiet bekend gemaak wanneer die persoonlike inligting ingesamel word.
- 14.2.2. Oor die algemeen word persoonlike inligting verwerk wanneer studente ingeskryf word of rolspelers en verskaffers aan boord gebring word, asook vir die doeleindes van diens- of produklewering, rekordbestuur, sekuriteit, derde partye, indiensneming of verwante sake.

14.3. Regte van Datasubjekte

14.3.1. Toegang tot Persoonlike Inligting



- 14.3.1.1. POPIA bepaal dat 'n datasubjek by bewyslewering van identiteit kan versoek dat die verantwoordelike party al die inligting wat hy hou oor die datasubjek gratis bevestig, insluitende inligting oor die identiteit van derde partye wat toegang tot sodanige inligting het, of gehad het.
- 14.3.1.2. POPIA bepaal ook dat, waar die datasubjek gelde moet betaal vir dienste wat aan hom/haar gelewer word, die verantwoordelike party 'n skriftelike beraming van die betaalbare bedrag aan die datasubjek moet verskaf voordat die diens gelewer word, en kan vereis dat die aanvrer 'n deposito betaal vir die totale gelde of 'n gedeelte daarvan.
- 14.3.1.3. Die gronde vir weiering van die datasubjek se versoek word in PAIA uiteengesit.

14.3.2. **Beswaaraantekening teen die Verwerking van Persoonlike Inligting**

- 14.3.2.1. POPIA bepaal dat 'n datasubjek te eniger tyd en op redelike gronde wat met sy/haar spesifieke situasie verband hou, beswaar kan aanteken teen die verwerking van persoonlike inligting deur die Universiteit, tensy wetgewing voorsiening maak vir sodanige verwerking. Die datasubjek moet die voorgeskrewe vorm wat as Bylae C hierby aangeheg is, voltooi en dit voorlê aan die Inligtingsbeampte by die posadres, fisiese adres of eposadres wat hierbo in klousule 5 uiteengesit word.

14.3.3. **Regstelling van Persoonlike Inligting**

- 14.3.3.1. 'n Datasubjek kan ook die Universiteit versoek om persoonlike inligting oor die datasubjek wat in sy besit of onder sy beheer is en wat onakkuraat, irrelevant, buitensporig, verouderd, onvolledig, misleidend of onwettig bekom is, reg te stel of te skrap; of om 'n rekord van persoonlike inligting oor die datasubjek wat die Universiteit ingevolge POPIA se bepalinge oor die retensie en beperking van rekords nie meer gemagtig is om te behou nie, te vernietig of te skrap.
- 14.3.3.2. 'n Datasubjek wat 'n regstelling of skraping van persoonlike inligting wil versoek, of die vernietiging of skraping van 'n rekord van persoonlike inligting, moet 'n versoek rig aan die Inligtingsbeampte by die pos- of fisiese adres, faksnommer of eposadres wat hierbo in klousule 5 uiteengesit word, op die vorm wat hierby aangeheg is as Bylae D.

14.3.4. **Klagtes**

- 14.3.4.1. Enige persoon kan 'n klag wat inmenging met die beskerming van 'n datasubjek se persoonlike inligting beweër, by die Inligtingsreguleerder indien.
- 14.3.4.2. Om 'n klag in te dien, voltooi Vorm 5 wat aangeheg is as Bylae G, en stuur die voltooide vorm per epos aan POPIAComplaints@infoeregulator.org.za.

14.4. **Kategorieë Datasubjekte**

- 14.4.1. Die Universiteit hou inligting en rekords oor die volgende kategorieë datasubjekte:

- 14.4.1.1. werkaansoekers;
- 14.4.1.2. werknemers / personeel van die Universiteit;
- 14.4.1.3. rolspelers en studente van die Universiteit;
- 14.4.1.4. enige derde party saam met wie die Universiteit dienste aanbied en sy wetlike mandaat uitvoer;



- 14.4.1.5. kontrakteurs van die Universiteit;
- 14.4.1.6. verskaffers van die Universiteit, en
- 14.4.1.7. diensverskaffers van die Universiteit.

(Hierdie lys kategorieë van datasubjekte is nie volledig nie.)

14.5. Die kategorieë ontvangers aan wie inligting voorsien word

- 14.5.1. Afhange van die aard van die data, kan die Universiteit inligting of rekords aan die volgende kategorieë ontvangers voorsien:
 - 14.5.1.1. statutêre oorsigliggame, reguleerders of regterlike kommissies van ondersoek wat data aanvra;
 - 14.5.1.2. enige hof, administratiewe of juridiese forum, arbitrasie, statutêre kommissie of ombudsman wat 'n versoek rig vir data of blootlegging ingevolge die toepaslike reëls (d.w.s. die Mededingingskommissie ingevolge die Wet op Mededinging, No. 89 van 1998);
 - 14.5.1.3. die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of 'n ander soortgelyke gesag;
 - 14.5.1.4. enigiemand wat ingevolge PAIA 'n suksesvolle aansoek om toegang bring;
 - 14.5.1.5. Onderhewig aan die bepalings van toepaslike wetgewing kan die Universiteit inligting oor 'n persoon se kredietwaardigheid deel met enige kredietburo of vereniging van die kredietverskaffersbedryf, of ander vereniging vir 'n bedryf waarbinne die Universiteit funksioneer, en
 - 14.5.1.6. enige persoon wat sake doen met die Universiteit as deel van die gewone verloop van sake.

14.6. Beplande oorgrensvloei van inligting

- 14.6.1. Indien 'n datasubjek die Universiteit se webtuiste besoek vanaf 'n ander land as die land (die Republiek van Suid-Afrika) waarbinne die Universiteit se bedieners geleë is, sal die onderskeie kommunikasies noodwendig lei tot die oordrag van inligting oor internasionale grense heen.
- 14.6.2. Dit mag vir die Universiteit nodig wees om 'n datasubjek se inligting oor te dra aan ander geaffilieerdes of diensverskaffers in lande buite Suid-Afrika, in welke geval die Universiteit ten volle sal voldoen aan toepaslike wetgewing oor databeskerming. Dit kan gebeur indien die Universiteit se bedieners of verskaffers en diensverskaffers buite Suid-Afrika gesetel is, of indien die Universiteit se dienste gehuisves word in stelsels of bedieners buite Suid-Afrika, en/of indien 'n datasubjek die Universiteit se dienste en produkte gebruik tydens 'n besoek aan lande buite hierdie gebied. Die moontlikheid bestaan dat hierdie lande nie databeskerminswette soortgelyk aan dié van Suid-Afrika sal hê nie.

14.7. Sekuriteitsmaatreëls wat geïmplementeer word om die vertroulikheid en privaatheid van die inligting wat verwerk gaan word, te verseker

- 14.7.1. Die Universiteit is verbind tot die implementering van toonaangewende maatreëls om die sekuriteit van data te verseker.



- 14.7.2. Die Universiteit het gespesialiseerde sekuriteitspanne wat die Universiteit se maatreëls om datasubjekte se persoonlike inligting te beskerm teen ongemagtigde toegang, toevallige verlies, openbaarmaking of vernietiging, voortdurend hersien en te verbeter.
- 14.7.3. Indien die Universiteit 'n kontrak het met 'n ander organisasie om namens die Universiteit aan die Universiteit 'n diens of dienste te verskaf om 'n datasubjek se persoonlike inligting te verwerk, moet die Universiteit seker maak dat hulle toepaslike sekuriteitsmaatreëls het en die inligting slegs verwerk op die wyse waartoe die Universiteit hulle gemagtig het. Hierdie organisasies sal nie die reg hê om 'n datasubjek se inligting vir hul eie doeleindes te gebruik nie. Indien nodig sal die Universiteit se sekuriteitspanne sulke organisasies kontroleer om te verseker dat hulle voldoen aan die sekuriteitsvereistes wat die Universiteit bepaal het.
- 14.7.4. Kommunikasie oor die internet (soos eposse) is nie beveilig nie, tensy dit geënkripteer is. Datasubjekte se kommunikasies kan deur 'n aantal lande gaan voordat dit afgelewer word, aangesien dit die aard van die internet is. Die Universiteit kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige ongemagtigde toegang tot, of verlies van, persoonlike inligting wat buite die Universiteit se beheer is nie.

15. DOKUMENTBESTUUR

WEERGAWE NO.	DATUM
1	30 Junie 2021



BYLAE A

VORM 2

VERSOEK OM TOEGANG TOT REKORD [Regulasie 7]

NEEM KENNIS:

1. *Bewys van identiteit moet deur die aanvrager aangeheg word.*
2. *Indien die versoek namens 'n ander persoon gerig word, moet bewys van sodanige magtiging by hierdie vorm aangeheg word.*

AAN: Die Inligtingsbeampte
Prof HC Klopper
Visekanselier en Prinsipaal
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300
(Adres)

Die Adjunk-inligtingsbeampte
Mnr NN Ntsababa
Registrateur
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300
(Adres)

Eposadres: vcpoffice@ufs.ac.za

Eposadres: registrateur@ufs.ac.za

Faksnommer: _____

Merk met 'n "X"

☐

Versoek word in my eie naam gerig.

☐

Versoek word namens 'n ander persoon gerig.

PERSOONLIKE INLIGTING	
Volle name	
Identiteitsnommer	
Hoedanigheid waarin die versoek gerig word (indien dit namens 'n ander persoon gerig word)	
Posadres	



Straatadres				
Eposadres				
Kontaknommers	Tel. (B):		Faks:	
	Selfoon:			
Volle name van persoon namens wie die versoek gerig word (indien van toepassing):				
Identiteitsnommer				
Posadres				
Straatadres				
Eposadres				
Kontaknommers	Tel. (B)		Faks:	
	Selfoon:			
<p align="center">BESONDERHEDE VAN REKORD WAT AANGEVRA WORD</p> <p>Verstrek volle besonderhede van die rekord waartoe toegang versoek word, insluitende die verwysingsnommer indien dit aan u bekend is, sodat die rekord opgespoor kan word. (Indien die beskikbare ruimte onvoldoende is, gaan asseblief voort op 'n aparte bladsy en heg dit aan by hierdie vorm. Alle bykomende bladsye moet geteken word.)</p>				
Beskrywing van rekord of relevante deel van die rekord:				
Verwysingsnommer, indien beskikbaar				



Enige verdere besonderhede van rekord	
TIPE REKORD (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X".)	
Rekord is in geskrewe of gedrukte vorm	
Rekord bestaan uit virtuele beelde (dit sluit in foto's, skyfies, video-opnames, rekenaargeskepte beelde, sketse, ens.)	
Rekord bestaan uit woorde wat opgeneem is of inligting wat in klank weergegee kan word	
Rekord word op 'n rekenaar of in elektroniese of masjienleesbare vorm geberg	
VORM VAN TOEGANG (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X".)	
Gedrukte kopie van rekord (insluitende kopieë van enige virtuele beelde, transkripsies en inligting wat op 'n rekenaar of in elektroniese of masjienleesbare vorm geberg word)	
Geskrewe of gedrukte transkripsie van virtuele beelde (dit sluit in foto's, skyfies, video-opnames, rekenaargeskepte beelde, sketse, ens)	
Transkripsie van klankbaan (geskrewe of gedrukte dokument)	
Kopie van rekord op 'n geheuestokkie (insluitende virtuele beelde en klankbane)	
Kopie van rekord op 'n kompakskyf (insluitende virtuele beelde en klankbane)	
Kopie van rekord wat op wolkbergingsbediener bewaar is	



WYSE VAN TOEGANG (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X")	
Persoonlike insae in rekord by geregistreerde adres van openbare/private liggaam (insluitende om na opnames van woorde te luister, inligting wat as klank weergegee kan word, of inligting wat op 'n rekenaar of in elektroniese of masjienleesbare vorm geberg word)	
Posdienste na posadres	
Posdienste na straatadres	
Koerierdiens na straatadres	
Faks van inligting in geskrewe of gedrukte formaat (insluitende transkripsies)	
Epos van inligting (insluitende klankbane, indien moontlik)	
Die deel of oordrag van lêers via die wolk	
Voorkeurtaal <i>(Neem kennis dat, indien die rekord nie in u voorkeurtaal beskikbaar is nie, toegang verleen kan word in die taal waarin die rekord beskikbaar is)</i>	

BESONDERHEDE VAN REG WAT UITGEOEFEN OF BESKERM GAAN WORD <i>Indien die beskikbare ruimte onvoldoende is, gaan asseblief voort op 'n aparte bladsy en heg dit aan by hierdie vorm. Die aanvrager moet alle bykomende bladsye teken.</i>	
Dui aan watter reg uitgeoefen of beskerm gaan word	
Verduidelik waarom die aangevraagde rekord vir die uitoefening of beskerming van die voormelde reg benodig word:	
GELDE	



a) Aanvraaggeld moet betaal word alvorens die versoek oorweeg sal word. b) U sal in kennis gestel word van die bedrag wat as toegangsgeld betaal moet word. c) Die gelde betaalbaar vir toegang tot 'n rekord hang af van die vorm waarin toegang benodig word en die redelike tyd wat nodig is om 'n rekord op te spoor en dit voor te berei. d) Indien u vir kwytskelding van die betaling van enige gelde kwalifiseer, dui asseblief die rede vir kwytskelding aan.	
Rede	

U sal skriftelik in kennis gestel word of u versoek goedgekeur of afgekeur is en, indien goedgekeur, wat die koste in verband met u versoek is (indien enige). Dui asseblief u voorkeur betreffende die wyse van korrespondensie aan:

Posadres	Faks	Elektroniese kommunikasie (Spesifiseer asseblief)

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Handtekening van aanvrager / persoon namens wie versoek gerig word

VIR AMPTELIKE GEBRUIK

Verwysingsnommer:	
Versoek ontvang deur: (Vermeld Inligtingsbeampte se rang, naam en van)	
Datum ontvang:	
Toegangsgeld:	
Deposito (indien enige):	

Handtekening van Inligtingsbeampte



BYLAE B GELDE

Gelde van toepassing op Openbare Liggame

Item	Beskrywing	Bedrag
1.	Die aanvraaggeld betaalbaar deur elke aanvrager	R100,00
2.	Fotokopie van A4-grootte bladsy	R1,50 per bladsy of gedeelte daarvan
3.	Gedrukte kopie van A4-grootte bladsy	R1,50 per bladsy of gedeelte daarvan
4.	Vir 'n kopie in rekenaarleesbare vorm op: (i) Geheuestokkie (moet deur aanvrager voorsien word) (ii) Kompakskyf • Indien deur die aanvrager voorsien • Indien aan die aanvrager voorsien	R40,00 R40,00 R60,00
5.	Vir 'n transkripsie van visuele beelde per A4-grootte bladsy	Diens sal uitgetoon word. Sal afhang van diensverskaffer se kwotasie.
6.	Kopie van visuele beelde	
7.	Transkripsie van 'n audio-opname, per A4-grootte bladsy	R24,00
8.	Kopie van 'n audio-rekord op: (i) Geheuestokkie (moet deur aanvrager voorsien word) (ii) Kompakskyf • Indien deur die aanvrager voorsien • Indien aan die aanvrager voorsien	R40,00 R40,00 R60,00
9.	Vir die soektog na en voorbereiding van die rekord vir openbaarmaking, vir elke uur of gedeelte van 'n uur (uitsluitend die eerste uur) wat redelikerwys benodig word vir so 'n soektog en voorbereiding. Teen 'n totale koste van nie meer as	R100,00 R300,00
10.	Deposito: Indien soektog langer as 6 ure duur	Een derde van bedrag per versoek, bereken ingevolge items 2 tot 8.
11.	Posgeld, epos of enige ander elektroniese oordrag	Werklike uitgawe, indien enige.

Gelde van toepassing op Private Liggame

Item	Beskrywing	Bedrag
1.	Die aanvraaggeld betaalbaar deur elke aanvrager	R140,00
2.	Fotokopie/gedrukte swart en wit kopie van A4-grootte bladsy	R2,00 per bladsy of gedeelte daarvan.
3.	Gedrukte kopie van A4-grootte bladsy	R2,00 per bladsy of gedeelte daarvan.
4.	Vir 'n kopie in masjienleesbare vorm op: (iii) Geheuestokkie (moet deur aanvrager voorsien word) (iv) Kompakskyf • Indien deur die aanvrager voorsien • Indien aan die aanvrager voorsien	R40,00 R40,00 R60,00
5.	Vir 'n transkripsie van visuele beelde per A4-grootte bladsy	Diens sal uitgetoon word. Sal afhang van diensverskaffer se kwotasie.
6.	Kopie van visuele beelde	
7.	Transkripsie van 'n audio-rekord, per A4-grootte bladsy	R24,00



8.	Kopie van 'n oudio-rekord op:	
	(v) Geheuestokkie (moet deur aanvrer voorsien word)	R40,00
	(vi) Kompakskyf <ul style="list-style-type: none"> • Indien deur die aanvrer voorsien • Indien aan die aanvrer voorsien 	R40,00 R60,00
9.	Vir die soektog na en voorbereiding van die rekord vir openbaarmaking, vir elke uur of gedeelte van 'n uur (uitsluitend die eerste uur) wat redelikerwys benodig word vir so 'n soektog en voorbereiding.	R145,00
	Teen 'n totale koste van nie meer nie as	R435,00
10.	Deposito: Indien soektog langer as 6 ure duur	Een derde van bedrag per versoek, bereken ingevolge items 2 tot 8.
11.	Posgeld, epos of enige ander elektroniese oordrag	Werklike uitgawe, indien enige.



VORM 3
UITSLAG VAN VERSOEK EN GELDE BETAALBAAR
[Regulasie 8]

Neem kennis:

1. Indien u versoek toegestaan word—

- (a) is die depositobedrag (indien enige) betaalbaar voordat u versoek verwerk word; en
- (a) sal die aangevraagde rekord/gedeelte van die rekord slegs beskikbaar gestel word nadat bewys van volle betaling ontvang is.

2. Gebruik asseblief onderstaande verwysingsnommer in alle toekomstige korrespondensie.

Verwysingsnommer: _____

AAN: _____

U versoek gedateer _____ verwys.

1. U het versoek:

Persoonlike insae in inligting by geregistreerde adres van openbare/private liggaam (insluitende om na opnames van woorde te luister, inligting wat as klank weergegee kan word of inligting wat op 'n rekenaar of in elektroniese of masjienleesbare vorm geberg word) is gratis. U moet 'n afspraak maak vir die besigtiging van die inligting en hierdie vorm saambring. Indien u dan enige vorm van herprodusering van die inligting benodig, sal u aanspreeklik wees vir die gelde wat in Bylae B voorgeskrif word.	
--	--

OF

2. U het versoek:

Gedrukte kopieë van die inligting (insluitende kopieë van enige virtuele beelde, transkripsies en inligting wat op 'n rekenaar of in elektroniese of masjienleesbare vorm geberg word)	
Geskrewe of gedrukte transkripsie van virtuele beelde (dit sluit in foto's, skyfies, video-opnames, rekenaargeskepte beelde, sketse, ens)	
Transkripsie van klankbaan (geskrewe of gedrukte dokument)	
Kopie van inligting op geheuestokkie (insluitend virtuele beelde en klankbane)	
Kopie van inligting op kompakskyf (insluitend virtuele beelde en klankbane)	
Kopie van rekord wat op wolkbergingsbediener bewaar is	

3. Om ingedien te word:

Posdienste na posadres	
Posdienste na straatadres	
Koerierdiens na straatadres	
Faks van inligting in geskrewe of gedrukte formaat (insluitend transkripsies)	
Epos van inligting (insluitend klankbane indien moontlik)	
Die deel of oordrag van lêers via die wolk	



Voorkeurtaal (Neem kennis dat, indien die rekord nie in u voorkeurtaal beskikbaar is nie, toegang verleen kan word in die taal waarin die rekord beskikbaar is)	
--	--

Neem asseblief kennis dat u versoek:

☐

Goedgekeur is

☐

Afgekeur is, vir die volgende redes:

4. Gelde betaalbaar ten opsigte van u versoek:

Item	Koste per A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan/item	Aantal bladsye/items	Totaal
Fotokopie			
Gedrukte kopie			
Vir 'n kopie in rekenaarleesbare vorm op: (i) Geheuestokkie • Moet deur aanvrager voorsien word (ii) Kompakskyf • Indien deur aanvrager voorsien • Indien aan aanvrager voorsien	R40,00 R40,00 R60,00		
Vir 'n transkripsie van visuele beelde per A4-grootte bladsy	Diens sal uitgekontraakteer word. Sal afhang van die diensverskaffer se kwotasie.		
Kopie van visuele beelde			
Transkripsie van 'n audio-rekord, per A4-grootte	R24,00		
Kopie van 'n audio-rekord (i) Geheuestokkie • Moet deur aanvrager voorsien word (ii) Kompakskyf • Indien deur aanvrager voorsien • Indien aan aanvrager voorsien	R40,00 R40,00 R60,00		
Posgeld, epos of enige ander elektroniese oordrag:	Werklike koste		
TOTAAL:			

5. Deposito betaalbaar (indien soektog langer as 6 ure duur):

☐

Ja

☐

Nee

Ure van soektog		Depositobedrag (bereken op een derde van totale bedrag per versoek)	
-----------------	--	--	--



Die bedrag moet in die volgende bankrekening inbetaal word:

Naam van bank: _____
Naam van rekeninghouer: _____
Tipe rekening: _____
Rekeningnommer: _____
Takkode: _____
Verwysingsnr: _____
Stuur bewys van betaling aan: _____

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Inligtingsbeampte



BYLAE C

VORM 1

BESWAAR TEEN DIE VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING INGEVOLGE ARTIKEL 11(3) VAN DIE WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, 2013 (WET NO. 4 VAN 2013)

REGULASIES WAT VERBAND HOU MET DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, 2018
[Regulasie 2]

Neem kennis:

1. *Beëdigde verklarings of ander dokumentêre bewyse, soos van toepassing ter ondersteuning van die beswaar, kan aangeheg word.*
2. *Indien die ruimte wat in hierdie vorm voorsien word onvoldoende is, dien inligting in as 'n aanhangsel tot hierdie vorm en teken elke bladsy.*
3. *Voltooi soos van toepassing.*

A	BESONDERHEDE VAN DATASUBJEK
Naam (name) en van / geregistreerde naam van datasubjek:	
Unieke identifiseerder / identiteitsnommer:	
Residensiële, pos- of besigheidsadres:	
	(kode)
Kontaknommer(s):	
Faksnommer / eposadres:	
B	Besonderhede van Verantwoordelike Party
Naam (name) en van / geregistreerde naam van verantwoordelike party:	
Residensiële, pos- of besigheidsadres:	



[illegible]

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 20_____

HANDTEKENING VAN DATASUBJEK / AANGEWEESE PERSOON



BYLAE D

VORM 2

VERSOEK OM REGSTELLING OF SKRAPPING VAN PERSOONLIKE INLIGTING OF VERNIETIGING OF SKRAPPING VAN REKORD VAN PERSOONLIKE INLIGTING INGEVOLGE ARTIKEL 24(1) VAN DIE WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, 2013 (WET NO. 4 VAN 2013)

REGULASIES WAT VERBAND HOU MET DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, 2018

[Regulasie 3]

Neem kennis:

1. *Beëdigde verklarings of ander dokumentêre bewyse, soos van toepassing ter ondersteuning van die beswaar, kan aangeheg word.*
2. *Indien die ruimte wat in hierdie vorm voorsien word onvoldoende is, dien inligting in as 'n aanhangsel tot hierdie vorm en teken elke bladsy.*
3. *Voltooi soos van toepassing.*

Merk die toepaslike blokkie met 'n "x".

Versoek om:

☐

Regstelling of skapping van die persoonlike inligting oor die datasubjek wat in besit of onder die beheer van die verantwoordelike party is.

☐

Vernietiging of skapping van 'n rekord van persoonlike inligting oor die datasubjek wat in besit of onder die beheer van die verantwoordelike party is, wat nie meer gemagtig is om die rekord van inligting te behou nie.

A	BESONDERHEDE VAN DIE DATASUBJEK
Naam (name) en van / geregistreerde naam van datasubjek:	
Unieke identifiseerder / identiteitsnommer:	
Residensiële, pos- of besigheidsadres:	
	(kode)
Kontaknommer(s):	



Faksnommer / eposadres:	
B	BESONDERHEDE VAN VERANTWOORDELIKE PARTY
Naam (name) en van / geregistreerde naam van verantwoordelike party:	
Residensiële, pos- of besigheidsadres:	
	(kode)
Kontaknommer(s):	
Faksnommer / eposadres:	
C	INLIGTING WAT REGGESTEL / GESKRAP / VERNIETIG MOET WORD
D	<p>REDES VIR DIE *REGSTELLING OF SKRAPPING VAN DIE PERSOONLIKE INLIGTING OOR DIE DATASUBJEK INGEVOLGE ARTIKEL 24(1)(a) WAT IN BESIT OF ONDER DIE BEHEER VAN DIE VERANTWOORDELIKE PARTY IS; en/of</p> <p>REDES VIR DIE *VERNIETIGING OF SKRAPPING VAN 'N REKORD VAN PERSOONLIKE INLIGTING OOR DIE DATASUBJEK INGEVOLGE ARTIKEL 24(1)(b) WAT DIE VERANTWOORDELIKE PARTY NIE MEER GEMAGTIG IS OM TE BEHOU NIE.</p> <p><i>(Verskaf asseblief gedetailleerde redes vir die versoek.)</i></p>



Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 20 _____

_____ Handtekening van datasubjek / aangewese persoon



BYLAE E

INTERNE APPÈLVORM

VORM 4

[Regulasie 9]

Verwysingsnommer:

BESONDERHEDE VAN OPENBARE LIGGAAM				
Naam van Openbare Liggaam				
Inligtingsbeampte se Naam en Van:				
BESONDERHEDE VAN KLAER WAT DIE INTERNE APPÈL AANTEKEN				
Volle Name				
Identiteitsnommer				
Posadres				
Kontaknommers	Tel. (B)		Faks	
	Selfoon			
Eposadres				
Word die interne appèl namens 'n ander persoon aangeteken?		Ja		Nee
Indien die antwoord "ja" is, die hoedanigheid waarin 'n interne appèl namens 'n ander persoon aangeteken word: <i>(Bewys van die hoedanigheid waarin appèl aangeteken word, moet aangeheg word – indien van toepassing).</i>			<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
BESONDERHEDE VAN PERSOON NAMENS WIE DIE INTERNE APPÈL AANGETEKEN WORD <i>(Indien deur 'n derde party aangeteken)</i>				
Volle name				
Identiteitsnommer				
Posadres				
Kontaknommers	Tel. (B)		Faks	
	Selfoon			
Eposadres				



BESLUIT WAARTEEN DIE INTERNE APPÈL AANGETEKEN WORD <i>(merk die toepaslike blokkie met 'n "X")</i>	
Weiering van versoek om toegang	
Besluit rakende gelde wat ingevolge artikel 22 van die Wet voorgeskryf word	
Besluit rakende die verlenging van die tydperk waarbinne die versoek ingevolge artikel 26(1) van die Wet hanteer moet word	
Besluit ingevolge artikel 29(3) van die Wet om toegang in die vorm deur die aanvrager versoek te weier	
Besluit om versoek om toegang toe te staan	
APPÈLGRONDE <i>(Indien die beskikbare ruimte onvoldoende is, gaan asseblief voort op 'n aparte bladsy en heg dit aan by hierdie vorm. Alle bykomende bladsye moet geteken word.)</i>	
Vermeld die gronde waarop die interne appèl gebaseer is:	
Vermeld enige ander inligting wat relevant kan wees vir die oorweging van die appèl:	

U sal skriftelik in kennis gestel word van die besluit oor u interne appèl. Dui asseblief u verkose wyse van kennisgewing aan:

Posadres	Faks	Elektroniese kommunikasie (Spesifiseer asseblief)

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Handtekening van Appellant/Derde Party



VIR AMPTELIKE GEBRUIK
AMPTELIKE REKORD VAN INTERNE APPÈL

Appèl ontvang deur: <i>(Vermeld Inligtingsbeampte se rang, naam en van)</i>				
Datum ontvang:				
Appèl tesame met die redes vir die Inligtingsbeampte se besluit en die besonderhede van enige derde party met wie of waarmee die rekord verband hou (waar van toepassing), ingedien deur die Inligtingsbeampte:			Ja	<input type="checkbox"/>
			Nee	<input type="checkbox"/>
UITSLAG VAN APPÈL				
Weiering van versoek om toegang. Bevestig?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nuwe besluit <i>(indien nie bevestig)</i>	
	Nee	<input type="checkbox"/>		
Gelde (artikel 22). Bevestig?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nuwe besluit <i>(indien nie bevestig)</i>	
	Nee	<input type="checkbox"/>		
Verlenging (artikel 26(1)). Bevestig?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nuwe besluit <i>(indien nie bevestig)</i>	
	Nee	<input type="checkbox"/>		
Toegang (artikel 29(3)). Bevestig?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nuwe besluit <i>(indien nie bevestig)</i>	
	Nee	<input type="checkbox"/>		
Versoek om toegang toegestaan. Bevestig?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nuwe besluit <i>(indien nie bevestig)</i>	
	Nee	<input type="checkbox"/>		

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____

Relevante Gesag



BYLAE F
KLAGTEVORM
VORM 5
[Regulasie 10]

NEEM KENNIS:

1. Hierdie vorm is ontwerp om die Aanvraer of Derde Party (hierna “die Klaer” genoem) te help om 'n aansoek om hersiening van 'n openbare of private liggaam se respons (of gebrek aan respons) op 'n versoek om toegang tot rekords ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet No 2 van 2000) (“PAIA”) in te dien. Voltooi asseblief hierdie vorm en stuur dit na die volgende eposadres: PAIAComplaints@infoRegulator.org.za, of voltooi die aanlyn klagtevorm wat beskikbaar is by <https://www.justice.gov.za/infoereg/>.
2. PAIA gee 'n lid van die publiek die reg om 'n klag in te dien by die Inligtingsreguleerder oor enige van die aangeleenthede wat in deel F van hierdie klagtevorm uiteengesit word.
3. Dit is die Inligtingsreguleerder se beleid om die ondersoek van 'n klag uit te stel of dit te weier indien die Klaer nie eers die openbare of private liggaam (hierna “die Liggaam” genoem) die geleentheid gegee het om te reageer op die kwessie en te poog om dit op te los nie. Om die Liggaam te help om aandag te gee aan u klagtes voordat u die Inligtingsreguleerder nader, moet u die voorgeskrewe **PAIA Vorm 2** voltooi en dit by die Liggaam indien.
4. 'n Afskrif van hierdie vorm sal aan die Liggaam wat die onderwerp van u klag is, voorsien word. Die inligting wat u op hierdie vorm verskaf, by hierdie vorm aanheg of later verskaf, sal slegs gebruik word om te poog om u geskil op te los, tensy anders hierin bepaal.
5. Die Inligtingsreguleerder sal eers u klag aanvaar nadat u bevestig het dat u aan die voorvereistes hieronder voldoen het.
6. **Heg asseblief kopieë van die volgende dokumente aan indien dit tot u beskikking is:**
 - a. Kopie van die vorm aan die Liggaam waarin toegang tot rekords versoek word;
 - b. Die Liggaam se respons op u klag of versoek om toegang;
 - c. Enige ander korrespondensie tussen u en die Liggaam rakende u versoek;
 - d. Kopie van die appèlvorm indien u klag verband hou met 'n openbare liggaam;
 - e. Die Liggaam se respons op u appèl;
 - f. Enige ander korrespondensie tussen u en die Liggaam rakende u appèl;
 - g. Dokumentasie wat u magtig om namens 'n ander persoon op te tree (indien van toepassing);
 - h. Hofbevel of hofdokumente van toepassing op u klag, indien enige.
7. Indien die ruimte wat op hierdie vorm voorsien word onvoldoende is, dien inligting as 'n aanhangsel van hierdie vorm in en teken elke bladsy.

HOEDANIGHEID VAN PERSOON/PARTY WAT KLAG INDIEN
(Merk met 'n "X")

☐

Klaer Persoonlik

☐

Verteenwoordiger van Klaer

☐

Derde Party



VOORVEREISTES			
Het u 'n versoek (PAIA-vorm) om toegang tot 'n rekord van 'n openbare/private liggaam ingedien?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee <input type="checkbox"/>
Het 30 dae verloop vanaf die datum waarop u PAIA-vorm ingedien is?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee <input type="checkbox"/>
Het u al die interne appèlprosedures teen 'n besluit van die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam uitgeput?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee <input type="checkbox"/>
Het u by die hof aansoek gedoen om toepaslike regsmiddele rakende hierdie aangeleentheid?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee <input type="checkbox"/>
ALLEENLIK VIR DIE INLIGTINGSREGULEERDER SE GEBRUIK			
Ontvang deur: (Volle name)			
Pos			
Handtekening			
Klag aanvaar	Ja <input type="checkbox"/>	Nee <input type="checkbox"/>	
Verwysingsnommer			
Datumstempel			

Posadres	Faks	Ander elektroniese kommunikasie (Spesifiseer asseblief)
DEEL A		
PERSOONLIKE INLIGTING VAN KLAER		
Volle Name		
Identiteitsnommer		
Posadres		
Straatadres		
Eposadres		
Kontaknommers	Tel. (B) <input type="text"/>	Faks <input type="text"/>
	Selfoon <input type="text"/>	



DEEL B VERTEENWOORDIGER SE INLIGTING (Voltooi slegs indien u verteenwoordig gaan word. 'n Volmag moet aangeheg word indien klaer verteenwoordig word; hieronder sal die klag geweier word.)			
Volle Name van Verteenwoordiger			
Aard van verteenwoordiging			
Identiteitsnommer / Registrasienommer			
Posadres			
Straatadres			
Eposadres			
Kontaknommers	Tel. (B) _____	Faks _____	
	Selfoon _____		
DEEL C INLIGTING VAN DERDE PARTY (Heg asseblief magtigingsbrief aan)			
Tipe Liggaam	Privaat <input type="checkbox"/>	Openbaar <input type="checkbox"/>	
Naam van Openbare / Private Liggaam			
Registrasienommer (indien enige)			
Naam, van en titel van persoon wat gemagtig is om 'n klag aan te teken			
Posadres			
Straatadres			
Eposadres			
Kontaknommers	Tel. (B): _____	Faks _____	
	Selfoon _____		
DEEL D LIGGAAM WAARTEEN DIE KLAG AANGETEKEN WORD			
Tipe liggaam	Privaat <input type="checkbox"/>	Openbaar <input type="checkbox"/>	
Naam van openbare / private liggaam			
Registrasienommer (indien enige)			



Naam, van en titel van persoon wat u by die openbare of private liggaam gekontak het om u klag of versoek om toegang tot inligting te probeer oplos				
Posadres				
Straatadres				
Eposadres				
Kontaknommers	Tel. (B):		Faks	
	Selfoon			
Verwysingsnommer verskaf (indien enige)				
DEEL E KLAG Sit die stappe uiteen wat u gedoen het om u klag te probeer oplos (Klagtes moet eers direk by die openbare of private liggaam ingedien word vir 'n respons en moontlike oplossing)				
Datum waarop versoek om toegang tot rekords ingedien is.				
Spesifiseer asseblief die aard van die reg(te) wat uitgeoefen of beskerm moet word indien 'n klag teen 'n private liggaam aangeteken word.				
Het u probeer om die aangeleentheid saam met die organisasie op te los?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee	<input type="checkbox"/>
Indien ja, wanneer het u dit ontvang? (Heg asseblief die brief by hierdie aansoek aan.)				
Het u appèl aangeteken teen 'n besluit van die openbare liggaam se Inligtingsbeampte?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee	<input type="checkbox"/>
Indien ja, wanneer het u die appèl aangeteken?				
Het u by die hof aansoek gedoen vir toepaslike regsmiddele rakende hierdie aangeleentheid?	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee	<input type="checkbox"/>
Indien ja, dui asseblief aan wanneer die hof oor die saak uitspraak gelewer het. Heg asseblief die hofbevel aan, indien enige.				
DEEL F GEDETAILLEERDE TIPE TOEGANG TOT REKORDS (Kies asseblief een of meer van die volgende om u klag aan die Inligtingsreguleerder te beskryf)				



Onsuksesvolle appèl (artikel 77A(2)(a) of artikel 77A(3)(a) van PAIA)	<i>Ek het geappelleer teen die besluit van die openbare liggaam en die appèl was onsuksesvol.</i>	<input type="checkbox"/>
Onsuksesvolle aansoek om kondonering (artikels 77A(2)(b) en 75(2) van PAIA)	<i>Ek het my appèl teen die besluit van die openbare liggaam laat ingedien, en het aansoek gedoen om kondonering. Die kondoneringsaansoek is afgekeur.</i>	<input type="checkbox"/>
Weiering van 'n versoek om toegang (artikel 77A(2)(c)(i) of 77A(2)(d)(i) of 77A(3)(b) van PAIA)	<i>Ek het toegang versoek tot inligting wat gehou word deur 'n liggaam, en daardie versoek is geweier of gedeeltelik geweier.</i>	<input type="checkbox"/>
Die liggaam vereis dat ek gelde betaal en ek beskou dit as buitensporig (artikels 22 of 54 van PAIA)	Tender of betaling van die voorgeskrewe gelde.	<input type="checkbox"/>
	Die tender of betaling van 'n deposito.	<input type="checkbox"/>
Terugbetaling van die deposito (artikel 22(4) van PAIA)	<i>Die Inligtingsbeampte het geweier om 'n deposito wat betaal is vir 'n versoek om toegang tot inligting wat geweier is, terug te betaal.</i>	<input type="checkbox"/>
